



80 jaar oud, maar sal sy die Covid-krisis oorleef?

Sondag 19 Julie het Gemeente Kaapstad haar 80ste verjaardag gevier. Gegewe die Covid-19-tyd waarin Suid-Afrika vasgevang is, is daar in die kuberruim feesgevier.

Daar is ook afgewyk van die kerkjaar om die besondere geleentheid in die geskiedenis van die gemeente met dankbaarheid te gedenk. Die rooi kleur wat gebruik is, getuig van blye dankbaarheid, en die tekste wat gebruik is, gee uitdrukking aan die hoeksteen van ons geloof.

Deelnemers aan die program was die voorsitter van die ring van Wes-Kaapland, ds Chris le Roux; ds Johan van Rensburg, vroeër predikant saam met dr André Dreyer; ds Etienne Verhage, emeritus van Gemeente Bellville en nou lidmaat van Gemeente Kaapstad; prof Yolanda Dreyer, dogter van die gemeente; ds Kees Jongeleen; en die plaaslike predikante, dr Gafie van Wyk en ds Kathleen Smith.

Daar word vertel dat die gemeente in die beginjare sporadies bedien is deur besoekende predikante vanuit die Kerk. So het ds W van Bergen van Volksrus vir maande die gemeente bearbei. 'n Skrywe van die kerkrad aan die Algemene Kommissie kort na ds Van Bergen se vertrek in Augustus 1941 begin met dié betekenisvolle woorde: *Ter voorkoming dat onze gemeente als een armlastige beschouw wordt, of een verzamelaarster van eereschulden, is het eerste plaats nodig Kaapstad tweeledig te zien en wel: a. Als een verre zendingpos, die kern van 'n toekomstige ring en b. als de gemeente Kaapstad.* Die versugting was dat die Hervormde Kerk met ander oë na Kaapstad sou kyk, nie bloot as net nog 'n gemeente nie (*Die eerste 40 jaar van die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Kaapstad 1940-1980*, prof JL Hattingh).

Ná 'n nederige begin in die YMCA-gebou in Langstraat, kom Gemeente Kaapstad op 21 Julie 1940 tot stand. Toe die hoeksteenlegging van die kerkgebou op 21 Julie 1956 plaasvind, berig *Die Burger*: *Uitgestrekte gemeente kry nuwe kerk in Kaapstad. Die hoeksteen van die nuwe kerk van een van die uitgestrekte gemeentes in die land, die gemeente Wes-Kaapland van die Nederduits Hervormde Kerk, word vanmiddag om drie-uur in Kaapstad gelê. Die gemeente is nou sestiën jaar.* Op 23 Desember 1956 is die kerkgebou in Hatfieldstraat, Tuine, vreugdevol ingewy. Hierdie gebou is egter in 2005 verkoop en die laaste erediens daar was op 12 Februarie 2006. Ds Andries Brandt is die eerste predikant van die gemeente sedert Oktober 1944. In April 1965 arriveer dr AJG Dreyer as tweede predikant van die gemeente.

Op 30 Mei 1967 verdeel hy die gemeente – wat oor die lengte en breedte van die Kaap gestrek het – in drie: die suidelike voorstede, sentraal (die stad), en die noordelike voorstede. In Wynberg is op 7 Maart 1970 met dienste begin. Die eerste diens in Parow is op 11 Junie 1950 gehou. Op 10 Maart 1973 is die Tygerberg-kerkgebou in Parow-Noord ingewy. Op 21 Julie 1972 stig die volgende gemeentes van Kaapstad af: Bellville, Stellenbosch, Wynberg en Tygerberg. Tygerberg het in kombinasie met Kaapstad gebly. In 2003 ontbind Gemeente Tygerberg.

In 2001, terwyl ds Almarie Blaauw daar predikant was, word die Wynberg-gemeente hernoem na Skiereiland. In 2007 ontbind Skiereiland (Wynberg) en word weer deel van Gemeente Kaapstad. Rondom 1985 begin erediens te Melkbosstrand. Die doopvont van die Kaapstad-kerkgebou vind hier 'n nuwe tuiste. Vandag is daar twee preekpunte: Tygerberg geleë te ME Rothmanstraat, Parow-Noord; en Melkbos, geleë te Robbenweg, Melkbosstrand. Lidmate woon steeds versprei oor die hele Skiereiland. Melkbosstrand bedien die gebied vanaf Yzerfontein tot by die middestad, terwyl Tygerberg die suidelike voorstede en die noordelike voorstede tot by Bellville bedien.

Ds Kathleen Smith

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Lief en leed

- **Mev Annatjie Enslin** (84), suster van dr Barry van Wyk (emeritus/Waterberg/Zoutpansberg), is Dinsdagaand 28 Julie oorlede nadat sy in 'n tehuis vir bejaardes in Middelburg Covid-19 opgedoen het. Ons innige simpatie gaan aan dr Barry en hul familie.
- **Mev AC (Amie) Jansen van Rensburg** (90), weduwee van ds JB Jansen van Rensburg, is Dinsdagaand 28 Julie oorlede nadat sy vermoedelik 'n paar dae gelede 'n beroerte gehad het. Ons innige simpatie gaan aan haar familie. Navrae kan gerig word aan ds Charel van der Berg van Gemeente Pietermaritzburg, by charelj@telkomsa.net.
- **Ds Markus Pretorius** (33) van Gemeente Eendracht het op Vrydag 24 Julie in Wilgers-hospitaal 'n galblaasoperasie ondergaan. Hy is Sondag na Kloof-hospitaal oorgeplaas vir 'n volgende operasie. Sy immuunstelsel sal vir die volgende ses weke onder druk wees. Ons bid hom algehele herstel toe, en sterkte vir hom en sy vrou, Jani.
- Emerituspredikant **ds Fanie Naudé** (75) is in Montana-hospitaal opgeneem met Covid-19. Ons bid hom spoedige herstel toe. Baie sterkte ook vir sy vrou, Johannie.



Ds Markus Pretorius



Ds Fanie Naudé

- **Die volgende predikante verjaar tot 7 Augustus, en word hartlik geluk gewens:**

- Donderdag 30 Julie: Di PWAN (Pieter) Bester (Glencoe), SJ (Sarel) Oosthuizen (Stilfontein-Wes) en DW (Danie) van der Watt (beroepafwagting)
- Vrydag 31 Julie: Dr JH (Jan) Vorster (emeritus)
- Maandag 3 Augustus: Ds DZ (David) du Plessis (emeritus/Wonderboom-Suid)
- Dinsdag 4 Augustus: Di JJ (Jan) Claassen (Naboomspruit) en PS (Stephan) van Tonder (emeritus)
- Woensdag 5 Augustus: Ds PW (Duwies) Duvenage (Barberton)
- Donderdag 6 Augustus: Ds RG (Renier) Lee (emeritus)
- Vrydag 7 Augustus: Prof LJS (Lourens) Steenkamp (emeritus/Makarios), di HJ (Kobus) Celliers (Brits), EJ (Rassie) Smit (emeritus) en JAP (Johans) van Tonder (siekte-emeritaat)

- **#hoop vir almal. Voorbidding vir Bybelgenootskappe**

- **Roemenië** probeer die kopiereg verkry vir die Cornilescu Bybel. Hulle is ook besig met verskillende projekte in samewerking met die kerke in dié land.
- **Estland** het 'n sekulêre bevolking. Hulle wil graag die mense van dié land meer bewus maak van die Bybel se lewegewende boodskap.
- **Letland** is besig met die hersiening van die vertaling van die Bybel in Letties. Hulle hoop dat dit 'n simbool van eenheid tussen die kerke in dié land sal wees. Hulle wil graag die Bybel ook in elektroniese formaat beskikbaar stel.

- **Virtuele draf en stap vir hoop.** Help jou gemeente om vanjaar se doelwit vir **Bybelverspreiding** te bereik deur in te skryf vir die virtuele **Draf en stap vir hoop** van **22 tot 23 Augustus**. Gebruik die skakel <https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/> om te registreer. Jy kan kies vir watter afstand jy wil inskryf. Maak ook seker dat jy jou kerkverband en gemeente se naam invul sodat jou inskrywingsgeld as 'n bydrae van jou gemeente toegeken kan word (**bv: NH + gemeentenaam**). Almal wat inskryf, ontvang 'n spesiale virtuele medalje (sertifikaat) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika as bewys dat jy in 2020, die jaar van ons 200ste verjaardag en tydens die geskiedkundige tyd van inperking, vir hierdie unieke geleentheid ingeskryf het en gehelp het om God se boodskap van hoop te versprei. Nooi asseblief jou familie en vriende uit om ook in te skryf. In hierdie tyd het mense nog 'n groter behoefte aan die Hoop waarvan God se Woord ons leer.



Gemeentes en bediening



Ds Rudi Botha

- **Ds RP (Rudi) Botha** (emeritus) is vir 'n verdere jaar na Gemeente Wesmoot beroep (deelyds). Hy het die beroep aanvaar.
- **Ds Johann de Bruin**, kurator van die SP Engelbrecht-museum, se nuwe e-posadres is cjdb@boomaap.co.za.
- **Matrikulante en enige ander belangstellendes** wat graag predikante in die Hervormde Kerk wil word en in **2021 Teologie** wil studeer, is welkom om nou aansoek te doen om dit as student van die Kerk te doen. Die evaluasiegesprekke sal in die laaste week van Augustus plaasvind. Aansoeke moet die Kuratorium asseblief **nie later nie as 21 Augustus** bereik. Aansoekvorms kan aangevra word van die voorsitter van die Kuratorium, dr Rudy Denton (rudydenton@outlook.com).
- **GLOmedia.tv** kan gemeentes **help met die verfilming en redigering** van preke, eredienste en Bybelstudies. Hulle stel ervare kamerapersoneel en redigeerders tot beskikking van die Kerk teen 'n afslag van 70% op die tarief in die industrie. Kontak Lume Lombard by 083 554 1434 of lumelombard1234@gmail.com.
- Die **Ringskommissie van Swellendam** het na deeglike oorweging besluit om die **ringsvergadering uit te stel na 2021**. Heelwat afgevaardigdes val weens hul hoë ouderdom in die hoërisikokategorie van Covid-19-riglyne, wat die risiko te groot maak. Daar is nie dringende sake op die agenda wat besluitneming vereis nie. Die begroting kan via e-poswisseling gefinaliseer word. Dankie aan Outeniqua wat die gasheer sou wees – vermoedelik sal hulle dit steeds in 2021 kan wees. Die datum vir die 2021-ringsvergadering sal volgende jaar bepaal word.
- **Gemeente Bloemfontein-Wes** is op 6 Augustus 1970 gestig, en vier dus vanjaar hul 50-jarige bestaan. Vanweë die Covid-19-pandemie en die inperkingsregulasies sal die feesviering nie plaasvind soos beplan nie. Hulle versoek steeds dat indien daar oudlidmate is wat foto's en ander memorabilia van die gemeente in hul besit het, hulle dit vir die gemeente beskikbaar sal stel vir gebruik tydens die feestyd. Rig navrae aan die skriba, oudl Willemien Bloem, by wilred6@gmail.com of die kerkkantoor by nhgbw@lantic.net.
- **Gemeente Bronkhorstspuit** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis met ingang **van 1 Januarie 2021**. Die orrelis is verantwoordelik vir die begeleiding by die erediens elke Sondag om 09:00, en eredienste op kerklike feesdae. Aansoekers moet 'n gepaste musiekkwalifikasie hê en vertrouwd wees met 'n groot 3-manuaal-orrel. Ondervinding van die begeleiding van gemeentesang is 'n vereiste. Die vergoeding is onderhandelbaar na aanleiding van die aansoeker se kwalifikasies. Reiskoste sal deel uitmaak van die vergoeding. Aansoekers sal genooi word vir onderhoude. Navrae kan gerig word aan Gerda Theunissen by 013 932 2929 of nhbhs@nhk.co.za. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September 2020.**

Vergaderings

- Vrydag 31 Julie: Oudit- en Risikokomitee
- Dinsdag 4 Augustus: ADV Finkom
- Woensdag 5 Augustus: Plesion Dagbestuur
Rata Dagbestuur

Kerkargief

Die Kerkargief is weer vanaf 4 Augustus oop vir navorsing. In ooreenstemming met die interpretasie van die regulasies rondom Covid-19 op die terrein van die Erfenissentrum en die Voortrekkermonument, gaan die Kerkargief vanaf Dinsdag 4 Augustus 2020 vir navorsers heropen. Die Kerkargief deel 'n studiesaalruimte met die Erfenissentrum en handhaaf al die bekende reëls rondom die dra van maskers en handreiniging. Daar word

vir allerlei praktiese redes en regulasies in die huidige omstandighede aangesluit by die Erfenissentrum se navorsingsfasiliteite, wat ook dan heropen. Die Hervormde Kerkargief is sedert 2017 in die Erfenissentrum se gebou gevestig.

ALLE navorsers wat die Kerkargief wil besoek, moet asseblief vooraf per e-pos (argief@nhk.co.za) met die argivaris, mnr Nándor Sarkady, 'n afspraak maak; hulle sal ingelig word oor die nodige reëlings. Geen toevallige besoekers sal in hierdie stadium geakkommodeer kan word nie. Die Kerkargief sal van **Dinsdae tot Donderdae 09:00-15:00** oop wees vir navorsing, slegs per afspraak.

Daar sal deur die argivaris voorsiening gemaak word vir handreiniger, asook vir die invul van 'n vraelys, en vir inligting per e-pos wat toegang by die Voortrekkermonument se hek sal verleen.

'n Gedig

**looking at how tools can be used
for a purpose
(beach babies)**

playschoolseuntjie, pas drie
met haartjies 'n monnikestyl

staan trots
voor sy kombuisgereedskap:

*omma, this one a pizzacutter
tocutpizzas*

*this one cheesecutter
tocutcheese*

*and here the whisk
and here the masher*

natuurlik onbewus van hoe
ek na die video van hom kyk
luister hoe hy woorde
rasper klits verpulp

om honger oumas in afrika te voed

Marlise Joubert
(Uit: *Grondwater*, 2019)

Kerklike publikasies

- Die **Augustus 2020-uitgawe van *Die Hervormer*** word nie in gedrukte vorm versprei nie, maar slegs elektronies. Sodra alles na die een of ander vorm van normaal terugkeer, sal *Die Hervormer* weer in gedrukte vorm versprei word. Lees die artikels van die Augustus 2020-uitgawe [hier](#).
 - Hoe lyk God se seën tydens Covid-19?
 - Die impak van Covid-19 op gesinne en families
 - Leef jou reis – in jou huis!


'n Bybelse tydlyn

Brei jou Bybelkennis uit
Ideaal vir katecese

3 x A2-glansplakkate
Soos in *Die Hervormer* van
April, Mei en Junie 2020

R75 (versending uitgesluit)
per stel van 3

Bestel van Sarie Roux by sentik@nhk.co.za



- Ons het in April in *Blitspos* twee nuwe boeke van **prof Andries van Aarde** (emeritus en voorheen redakteur van die *HTS Teologiese Studies*) aangekondig: *Jesus, Paul and Matthew, Volume One: Discontinuity in Content, Continuity in Substance*; en *Jesus, Paul and Matthew, Volume Two: To and From Jerusalem*. Gaan na www.cambridgescholars.com vir meer inligting en om die boeke te bestel.

Lidmaat George Small gee hier sy indrukke van die boeke: "Cambridge Scholars Publishing het prof Andries van Aarde versoek om in boekformaat aan te toon hoe sy loopbaan sy siening van God, Jesus en die Bybel beïnvloed het tot die wetenskaplik-kritiese teologiese siening wat hy tans huldig. Die outobiografiese notas in die boeke dui aan dat daar nie 'n oorgang was nie. Sy konstante kritiese teologie het wel 'n impak op sy lewe in die kerk uitgeoefen. Van sy relevante, wetenskaplike, gepubliseerde artikels, wat in boekformaat op hierdie twee volumes uitgeloop het, dui dit ook aan. Die artikels is uniek verklarend van en ondersteunend tot mekaar. Dit demonstreer die inhoudelike verskille tussen Jesus se koninkryksetiek, en die apostel Paulus en die evangelis Matteus se toepassing daarvan in die onderskeie polities-sosiale kontekste waarin hulle werksaam was. Prof Van Aarde argumenteer dat, ondanks die verskille, die kernboodskap dieselfde is. Die boeke sluit ook 'n samevatting in van sy rekonstruksie van die historiese Jesus. Hy is die eerste navorser wat dit terugneem tot voor Jesus se doop. Baie geluk, Prof, met dié eindproduk."

(**RSG se onderhoud** met prof Van Aarde word eerskomende Sondag op *Uit 'n ander hoek* uitgesaai.)

Barmhartigheid

- **Projek Ligtoring. Gemeente Pretoria-Wes** wou nog altyd 'n baken van hoop in die gemeenskap wees. Tans ontvang tien gesinne (28 mense) maandeliks 'n kospakkie en tweeweekliks vars groente. Hulle word ook pastoraal versorg. Namate hierdie projek groei, wil ons addisioneel tot die maandelikse kospakkie 'n weeklikse kos-/sopkombuis instel waar mense nie net iets te ete ontvang nie, maar ook geestelike kos. Ligtoring wil 'n gevestigde baken van hoop word, 'n plek waar mense wat soms vasgevang word in die seer- en swaarkry van die lewe, weer moed en hoop kan skep. Ligtoring word **ampelik op Saterdag 1 Augustus van stapel gestuur**. In samewerking met **die ADV**, sal by die kerk 'n kort oorsig gegee word oor die projek, waarna ons 'n warm koppie sop en 'n broodjie aan die verbygangers sal uitdeel. **Daar sal ook tussen 10:00 en 11:00 'n deurry wees vir die aflaa van produkte**. Vir enige navrae of donasie, kontak ds Marissa Kidson by 084 324 1568 of marissakidson@mweb.co.za. **Die bankbesonderhede** is soos volg:

Bank: ABSA

Rekeningnaam: Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika Gemeente Pretoria-Wes
(NHK Pretoria-Wes)

Rekeningnommer: 405 80 131

Tipe rekening: Tjekrekening

Verwysing: Ligtoring Pta-Wes

- **Gerrieshof in Rustenburg** het 'n eenslaapkamerwoonstel vir 'n bejaarde persoon beskikbaar teen R2 306 per maand. Dit is 'n ruim grondvloereenheid. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202.
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**
Kieserstraat 126, Rietondale
2 eenslaapkamerwoonstelle te koop teen R520 000
1 eenmanwoonstel te koop teen R510 000
1 eenslaapkamerwoonstel te huur
Navrae: Ansie Joubert 012 329 4318 / 084 920 8723
Seniordalpta@gmail.com



Toerusting



Wie het my kansel geskuif?

Hoe het ek geskuif?

My welstand tydens Covid-19
4 Augustus – keuse tussen 09:00 of 19:00
Drr Frikkie Labuschagne, Christo van der Merwe,
Willie Strydom en Annelie Botha

Die SCARF-breinmodel
6 Augustus – keuse tussen 09:00 of 19:00
Dr Christo van der Merwe

Zoomskakel: <https://us02web.zoom.us/j/4502811960?pwd=dWRGZHpYelBrWFpIajQrQVW4Z0cydz09>
Personal Meeting ID: 4502811960 en Password: HTK

- Die **Hugenote Kollege** en die **NHKA se Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB)** bied soortgelyke pionierskursusse aan wat lidmate en gemeentes help om 'n sterker na buite gerigte benadering tot kerkwees te volg. Lidmate en/of predikante wat in enige van hierdie kursusse belangstel, kan **dr Frikkie Labuschagne**, direkteur van die SGB, kontak by frikkie@nhk.co.za. Die opleiding is primêr gerig op die ontwikkeling van vaardighede wat iemand verder toerus om 'n nuwe geloofsgemeenskap op 'n bepaalde plek te plant. Lees ook die artikels hieroor in die Augustus 2020-uitgawe van *Die Hervormer* op die Kerk se webblad www.nhka.org.
- **Excelsus (Sentrum vir Bedieningsontwikkeling)**
Augustus 2020
 - 12 Kerk van die toekoms (1)
 - 18-19 Sinvol besig na aftrede (3)**September 2020**
 - 14-18 Lentekonferensie
Roetekaart: Van wond tot verwondering
Volledig aanlyn
 Navrae: Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Fondsinsamelings

- **Gemeente Sasolburg-Suid: Wind-Ex September/Oktober (datum later bepaal)**
Gesinspretdag en windbukskompetisie
Wen besondere mes – kaartjies R30 elk
Skakel Tobie by 083 327 1500 om deel te neem
Wenner word aangekondig op die gesinsdag



Betaalde advertensies in hierdie nuusbrieff

Die koste vir advertensies is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van produksie@nhk.co.za.

Gebed vir die week

***U bring ons by waters
waar daar vrede is. (Psalm 23)***

Dankie, Here,
dat U ons bevry van die óú idee
dat die waters van vrede
wyd en ver moet lê
en dat hulle wat daar kom,
sorgeloos kan rus.
Want nóú tol ons
in die spiraal van 'n werwelwind
en die geloei van sirenes is ons wiegelied.
U hét ons gebring by die waters
waar daar vrede is.
Ons hoor die kalm strome
onversteurbaar binnevloei
solank ons u Woord
daaglik dorstig drink
en neerkniel om u wil te skep.

Maretha Maartens
(Uit: 'n Jaar van gebed, 1993)